

Dalk einde van Kby se flaminke

2011-11-16 23:01

Charné Kemp

KIMBERLEY. – Die Diamantstad staan gevaar om een van sy grootste natuurlike bates, die kleinfaminkkolonie in Kamfersdam, te verloor.

Só het die bekroonde voëlkundige en voorsitter van Birdlife South Africa, mnr. Mark Anderson, gister gewaarsku.

Die gehalte van die water wat in Kamfersdam vloei, is kommerwekkend en hou uiters nadelige gevolge in vir mense en dierelewe, sê Anderson.

Ten spyte van 'n projek van R80miljoen waarin die Home- vale-rioolaanleg opgeknop word, werk die aanleg slegs op 'n derde van sy kapasiteit.

“Voordat die dam oorspoel het, was hier tot 80000 kleinflaminke. Nou is daar seker net 500. Daar is geen kans dat hulle kan broei nie.

“Dis te wyte aan die hoë watervlak, die swak watergehalte en teenwoordigheid van alge. Kimberley staan gevaar om een van sy grootste bates te verloor.”

Die Red die Flamink-organisasie, wetenskaplikes en amptenare van die Sol Plaatje-munisipaliteit het die aanleg verlede week besoek en toetse gedoen. “Dit toerusting werk nie behoorlik nie. Dit was duidelik uit lugfoto's wat die laaste maande geneem is,” sê Anderson. “Die aanleg verwerk 35 megaliter rioolwater per dag, maar die gehalte van die gesuiwerde water is uiters swak.

“Elektriese probleme het veroorsaak dat gruis deur die siwwe geglip het. Die drie hoofversakkingtenks is buite aksie weens die gruis wat keer dat die harke roteer. Twee tenks is leeg en die derde vol afsaksel. Normaalweg moet 80% van die slik tydens dié proses onttrek word. Net twee van die drie slikreaktors werk. Vyf van die 12 belugtingseenhede was onklaar. Die slik moet van hier na 'n houertenk gepomp word. Daar was 'n dik laag slik met plantegroei in dié tenk.

“Die sliktroogbeddens is oorspoel deur water. Drie sekondêre uitsakkingstenks was onklaar en die vierde vol droë slik. Net 'n derde van die afvalwater het deur die laaste skoonmaakdam gevloei. Die aanleg funksioneer op 33% van sy kapasiteit.

“Dr. Jan Roos, 'n mikrobioloog van Bloemfontein, se toetse bewys die gehalte is baie swak, met ongewone hoë vlakke van ammoniak en fosfaatkonsentrasies en bakterieë. Die afvalwater en vaste stowwe daarin is van onaanvaarbare gehalte,” sê Anderson.

Die Sol Plaatje-munisipaliteit kon nie vir kommentaar bereik word nie.